

GOD GEE NIEMAND 'N KOUE SKOUER NIE

deur Gerhard Bothma

Kinders kry oënskynlik nie so koud soos grootmense nie. Kyk maar hoeveel kinders met kortbroeke en kortmou-hemde rondloop wanneer grootmense dit nie sonder 'n baadjie of iets warmer buitentoe waag nie. Kinders verstaan ook nie sommer waarom munisipale swembaddens toemaak wanneer dit nog "warm genoeg" is om te kan swem nie. En as jou ma sê dis te koud om roomys te eet, kán jy mos 'n trui aantrek. Vir baie kinders val trueie, kouse en skoene in die kategorie van dinge wat jy net dra wanneer jou ma koudkry.

Sodra kinders egter sê dat hulle koud kry, hoor hulle gewoonlik onmiddellik hoedat hulle oupa's en oma's as kinders myle ver kaalvoet in die koue moes skooltoe stap. "Vandag se kinders" weet mos nie wat koue is nie, hoor hulle al te dikwels. Jy ken ook seker die vraag: "Het jy al só koud gekry dat jy met jou voete in vars beesmis moes gaan staan om nie te verkluim nie?" 'n Vriend van ons het dit net eenkeer gewaag om in reaksie daarop met, "Nee, Oupa, maar dit was al só koud by ons dat ons woorde gevries het en ons dit eers in kookwater moes sit om te ontdooi sodat ons behoorlik kon gesels", te reageer.

Wanneer die ys eers gebreek is, kan selfs mense wat eens vir mekaar vreemdelinge was, brûe oorsteek en mure tussen mense laat vermurwe. **Welwillende woorde kan die koue rondom harte verwarm en laat tuis kom. Teen ware hartlikheid en gasvryheid kan nie eens die hardste en koudste hart bestand bly nie.** Dís waarom daar in die Bybel so baie oor liefde, gasvryheid, gunsbetoning, vergifnis en ander ingesteldhede, wat warmte tussen mense bevorder, gepraat word. **God gee niemand 'n koue skouer nie.** Op die pad tussen Jerusalem en Emmaus, sê die medereisigers, het hulle hart warm geword toe Jesus aan hulle bekend geword het en al geselsende die Skrifte vir hulle oopgebreek het (Luk 24:32).

Mag jou hart warm wees en bly terwyl die gras en die blare buite vaal word en yskristalletjies vroegoggend buite vorm. **En mag die warmte wat God gee die yskristalletjies wat in jou gevorm het smelt en jou instaat stel om nie weg van ander af te draai nie, maar hulle God se vriendelikheid in jou gesig en glimlag te laat sien en in jou woorde en optrede te beleef. Gaan maak ander se harte warm met jou woorde en lewe –**
Ds Leon Tait



Wat is die r12

Dit is 'n veldtog wat aan die hand van Romeine 12 christene inspireer en help om egte en praktiese Christenskap elke dag uit te leef.

Waarom die r12

Dit is 'n pad waarop die Here ons wil help om geestelik te groei sodat ons vir God gee wat Hy die graagste wil hê en meer die mense word wat Hy bedoel het ons moet wees.

Op hierdie pad van 40 dae word van die belangrikste vrae van ons lewe beantwoord bv:

- * Hoe om vir God te gee wat Hy die graagste wil hê ?
- * Hoe om die beste uit die lewe te kry ?
- * Hoe maak 'n mens vrede met die ware jy ?
- * Hoe kan ons egte kontak of gemeenskap met ander ervaar ?
- * Hoe kan ons die slegte wat deur ander op ons gemik is, oorwin ?

Hoe kan ons in skakel en deel wees van die veldtog ?

Op drie maniere:

- * Deur 7 Sondae die eredienste by te woon
- * Deur elke dag uit 'n boekie of studiegids te lees en stil te word
- * Deur in te skakel by 'n omgegroepe vir hierdie tydperk wat weekliks by mekaar kom.

Kaartjies is by die MI-Toonbank beskikbaar wat u kan invul om aan te dui waar en hoe u wil in skakel.

>>>Na bladsy 2

IN HIERDIE UITGAWE:

Taakspan vir Kinders	4
Taakspan vir Omgegroepe	10
God gee niemand 'n koue skouer nie...	12

Wat het ek nodig en moet ek nou doen ?

- * Kry 'n boekie na diens of kontak DJ Muller (083 420 2217)
- * Vul kaartjie in en handig so gou moontlik in by MI-Toonbank (of plaas in kollekesakkie)
- * Indien jy jou huis as gasheer wil beskikbaar stel vir die byeenkoms van 'n omgegroepe gedurende hierdie 40 dae, vul die kaartjie asb daarvoor in
- * Indien jy kans sien om 'n gesprekleier van 'n omgegroepe te wees in hierdie 40 dae (skakel asb vir Liezel 0768405591)
- * Indien jy 'n gesprekleier of omgegroepleier vir 40 dae gaan wees hou 2 Julie 18:30- 20:00 oop vir 'n kort oriëntering.
- * Almal begin nou reeds bid vir hierdie r12 veldtog!

Wanneer gebeur wat ?

- * Op Sondag 22 Julie 2012 vind die **afskop** van die 40 dae plaas! Indien jy wil meedoen aan hierdie wonderlike reis van geestelike groei moet jy daar wees!!
- * Tydens hierdie erediens (oggend en aand) gaan jy kans kry:
 - >> om jou te verbind vir die 40dae
 - >> om jou koevert met boekiegeld of ekstra bydrae in te handig
 - >> om 'n r12-geskenkie te ontvang
- * Meer inligting sal deurgegee word oor 'n gemeenskapsprojek
- * Die sewende Sondag 2 September se erediens is ons groot feesviering met fotos, getuïenisse, lofsang en ook lekker kuier om tee na diens!
- * Gebedsgeleenthede vir die r12 gaan deurlopend plaas vind bv voor elke erediens en tydens elke erediens asook Vrydae oggende 5uur. Vanaf 10 tot 21 Julie gaan daar 'n 12 dae gebedsuitdaging wees om elke dag om 12 uur – waar ook al - vir 'n minuut vir die veldtog te bid.
- * Die kinders en jeug neem ook volledig deel aan die r12 veldtog en inligting daarvoor kan by ds Tait en DJ Muller verkry word.

Indien jy enige verdere vrae het oor die r12 skakel gerus vir
ds Leon van Heerden (083 660 1803)



WEBWERF

RIETFontein-SUID WEBWERF

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf.

Weeklikse opdatering word gedoen op die gemeentekalender, Bybellees program, gebedsake en vele meer.



Besoek ook gerus Die Koffiepot - waar u van die gemeente se media kan aflaai in PDF format, soos - Bybel Blokraai, Gebedskalender, gemeentekalender, Gesinne in Harmonie, Oestyd, Pennefluitjie, Die Rietfluit, Saampraat blad en die Verskil.

www.rietfontein-suid.ng.org.za



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue

Taakspan vir Omgeegroeppe

VISIE :

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroeppe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



Ons Omgeegroeppe maak gebruik van 'n Omgeegroepverklaring (Gesinsverklaring) waarin ons net weer vir mekaar gereeld daaraan herinner waarom ons by 'n Omgeegroep ingeskakel is of wil wees.

Vir diegene wat nog nie kennis daarvan dra nie, stel ons graag die volgende Verklaring aan julle bekend:

Die Here is hier!

Hy is ons Vader wat ons met Sy hele hart liefhet en ons is Sy kinders.

Saam vorm ons 'n geestelike familie wat bereid is om mekaar altyd by te staan.

Hier by ons samekoms word ons eenheid met Jesus Christus en met mekaar sigbaar.

Ons doel is:

- * om Hom te loof en te eer;
- * om mekaar onselfsugtig te dien;
- * om in gehoorsaamheid aan Hom Sy beeld verder uit te dra, sodat ander Hom ook as Vader kan leer ken.

Mag bogenoemde Verklaring aan ons Hemelse Vader en aan mekaar elke oomblik sigbaar wees in ons lewens tot eer van die Here.

“Die blymoedige mens se hele lewe is ‘n fees – Spreuke 15:15”

Indien jy graag 'n Gasheer wil word gedurende die r12 Reeks, of graag by 'n groep wil inskakel, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591



- ♦ **16 Julie:** Skole open
- ♦ **22 Julie:** Aanvang van 40 dae reeks: 
- ♦ **29 Julie:** Doop & Gemeente-tee

Sien jou daar!



Vuka Scuta XS125 te koop: 2008 model, met slegs 3322 km's, goeie toestand vir R4 500.00.
Kontak Johan Muller @ 084 500 2481

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100

c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- **Gratis waardasies**
- **Bemark om te verkoop**
- **Kwalifisering van nuwe kopers**
- **Lening aan soeke**
- **Advies om eiendom se waarde te verhoog**
- **Boedelwaardasies**

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



Taakspan vir Kinders

Junior Kategese & Kleuterkerk

Wie is ons?

Die **Junior Kategese en Kleuterkerk** sorteer onder die **Taakspan vir Kinders** in die **Bediening vir Diens**.

Lita Spreeth is tans die taakspanleier en Malinda Rademeyer bied die Kleuterkerk aan. Hoewel die formele naam Junior Kategese & Kleuterkerk is, praat ons nog maar van Sondagskool!

Kinders **van ouderdom 3 jaar tot Graad 7** kom Sondae vanaf 08:50 in die kerksaal bymekaar vir die ere diens wat van 09:00 af spesiaal op hul vlak aangebied word. Daarna verdaag almal na hul onderskeie klasse tot ongeveer 10:15. Nagmaalsondae word die normale program gevolg, maar langnaweke en vakansies is daar nie Sondagskool nie. Die kinders woon dan ook die spesiale Gesinne in Harmonie - dienste een maal per kwartaal saam met hul ouers by.

Die kategete wat vir die onderrig van die kinders in die verskillende ouderdomsgroepe verantwoordelik is, is as volg:

Kleuters	Leoni Gobey
Graad R	Esté Nieuwenhuis
Graad 1	Nicolette van Heerden
Graad 2	Elbie Ferreira en Charmaine Breedt
Graad 3	Talita Fourie
Graad 4	Elma du Plessis
Graad 5	Lita Spreeth
Graad 6	Charleen Viljoen
Graad 7	Pieter Viljoen
Aflos	Rocco Nieuwenhuys en André Rohlandt

KIES DIE LEWE!

Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe sodat jy en jou nageslag kan lewe. - Deuteronomium 30:19

Hier sê die Skrif dat ons die keuse het of ons wil lewe of sterwe ... geseënd of vervloek wil wees ... God wil dien of nie. God wil hê ons moet die goeie lewe geniet wat Hy vir ons moontlik gemaak het, maar dit is ons wat die keuses moet maak. As ons besluit om Hom nie te dien nie, kan dit groot ongelukkigheid en hartseer bring vir jouself. Maar as ons kies om Hom te dien, is daar wonderlike voordele. Vers 19-20 lui: 'Kies dan die lewe ... deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae' (1933 vertaling). Kies om God te dien - kies dus die lewe, Hom te gehoorsaam en aan te hang. Jy sal nooit spyt kry oor dié besluit nie!

Gebed

O God, ek dank U dat U gekom het om my lewe te gee en ek kies vandag om U te dien, U lief te hê, U te gehoorsaam en U aan te hang. Ek weet dat U my lewe en my lengte van dae is - en ek kies om die oorvloedige lewe wat U my gegee het, te geniet.

Amen.

deur Dodie Osteen





Gr. 7 wys dat mense verskillend is, maar dinamies in Christus



Jesus se soldate



Leeus van Juda

Wat doen ons?

As basis vir ons onderrig gebruik ons **Die Bybel** – ons enigste ware bron van die waarheid en ons moedig die kinders dus ook aan om elke Sondag hul eie Bybel saam te bring – al is dit 'n Kinderbybel. Die beginsel is dat mens net van God kan leer as jy Sy Woord by jou het en dit bestudeer. Ouers moet dus nie verbaas wees as die kinders by die huis kom kla dat hulle 'in die moeilikheid' is as hulle nie hulle Bybels saambring nie!

Hoewel ons met liefde probeer om die kinders te onderrig in God se Woord, bly dit steeds die ouers se primêre taak by die huis. Kinders moet letterlik van moedersknie die Waarheid leer en ons probeer dus voortbou op die grondslag wat reeds by die ouerhuise gelê word.

Ons het 'n lifelike praktiese reeks van TNT Ministries in Engeland aangekoop – One Way. Die kategete gebruik dit as handleidings om te help om die lesse prakties en interessant te maak. Kinders word ook toegelaat om hulself te wees en binne die orde van ons klasse tog ook hul vryheid as kinders van God uit te leef.

Elke laaste Sondag van die kwartaal word daar, in plaas van die normale Sondagsskoolklasse, 'n **werkswinkel** gehou. Tydens hierdie werkswinkel kry die kinders geleentheid om saam in hul klasse in werkgroepe in die kerksaal aan 'n projek te werk. Dit is gewoonlik afgelei van 'n tema wat deur die kwartaal in die Kleuterkerk behandel is en hulle kry dus kans om prakties die idees wat met hulle in die kwartaal gedeel is, te oefen.

Hulle kry selfs 'n beurt om te verduidelik wat hulle gedoen het en dit voor te dra.



Ons kinders het ook hul eie nuusblad, die **Penniefluitjie**. Die titel van die nuusblad is so gekies om te pas by die gemeente se Rietfluit – selfs die kleinste fluitjie in 'n orkes kan mos die mooiste musiek maak!

Al die uitgawes van die **Penniefluitjie** kan op die gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** verkry word.

As deel van ons **Spesiale Projekte**, ondersteun ons 'n seuntjie in die Oekraïne – **Sergiy Denysenko**. Hy het 'n serebrale siekte wat veroorsaak dat hy stadiger as ander kinders ontwikkel, maar hy is nou al amper 12 jaar oud en het twee boeties en twee sussies wat nie in dieselfde kinderhuis as hy bly nie.

Elke eerste kwartaal van die jaar samel ons geld met ons geldbome in wat dan vir Sergiy in 'n fonds inbetaal word by Sending Sonder Grense (SSG), sodat hy versorg kan word in die kinderhuis waar hy tuisgaan.



<< Sergiy Denysenko

Twee maal per jaar skryf ons ook vir hom briefies en kaartjies wat dan deur SSG aan hom gestuur word.

Kinders word nie met handboeke uitgegee nie, daarom probeer ons in die **Bediening vir Diens** op verskeie maniere geleenthede te skep vir die toerusting van ons ouers.

In April 2011 het ons dus as deel van die Bediening vir Diens se ouertoerus-tingsinisiatief met 'n nuusblad spesiaal vir ons ouers in die gemeente begin, naamlik **Ouers in Harmonie**. Hier voer ons die musiektema verder en streef daarna om elkeen 'n deeltjie by te dra om in God se simfonie-orkes saam in harmonie te leef en Hom so te eer.

Dié nuusblad word maandeliks gedoen en op die gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** opgesit. Na die eerste drie uitgawes van April tot Junie, het ons besluit om die naam te verander na **Gesinne in Harmonie**, sodat dit meer omvattend vir die hele Bediening vir Diens as toerusting kan dien.



Die mense wat nie internettoegang het nie, kan net hul name en posadres vir Lita by die kerk gee of 'n briefie by die kerkkantoor ingee, sodat hulle op die verspreidingslys kan kom. Uitgawes sal dan aan hulle gepos word.

Die strewe van die **Taakspan vir Kinders** is om daar te wees vir ons kinders en hulle van Christus as die enigste Weg, Waarheid en Lewe te leer. Ons verwelkom enige terugvoer of kommunikasie van ons ouers – ons is 'n span wat saamwerk aan die geestelike onderrig en ontwikkeling van ons gemeente se kinders.

Kontakbesonderhede:

Groep	Portefeulje	Naam	Kontakbesonderhede
Bediening vir Diens	Diensleier	Peet Dorfling	peet@productivitysa.co.za Tel: 082 464 7102 diens@rietfontein-suid.ng.org.za
Taakspan vir Kinders	Taakspanleier	Lita Spreeth	lspreeth@sars.gov.za Tel: 082 453 8421 kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

Werkswinkel foto's

Selfs die kleinste kry kans om te 'borrel vir Jesus!'



Visvang vir Jesus

Besige bye werk vir Jesus

